OPTREDE DEUR

VERWELKOMING

Die Voorsitter verwelkom die aanwesiges en wens hulle alle voorspoed in die nuwe jaar toe. Minister Janson woon die vergadering by vir die bespreking van agenda-item 3.

2. AGENDA-ITEM 1: NOTULE NR SVR 20/79

Die notule van die vergadering van 26 November 1979 word goedgekeur en deur die Voorsitter onderteken.

3. AGENDA-ITEM 2: SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE

Geen.

4. TERRORISTE-AANVAL IN SILVERTON

Die Voorsitter wens die Minister van Polisie en die Kommissaris geluk met die optrede van die Polisie Vrydagmiddag in Silverton. Dit was 'n span=ningsvolle tyd en hulle kon nie meer doeltreffend opgetree het nie. Dit is die enigste wyse wat ons met terroriste kan werk. Die Voorsitter voeg by dat die negatiewe aspek van die saak die optrede van die pers is. Hulle is besig om alles te vernietig wat die Polisie vermag het.

'n Kort bespreking oor die rol van die pers vind plaas. Daar word gevoel dat die pers blykbaar nie bewus is van die erns van die saak en dat ons in 'n oorlewing=stryd gewikkel is nie. Deur hul optrede ry hul die Polisie boonop nog in die wiele. Die pers behoort gedwing te kan word om oor veiligheidsake net te publiseer wat aan hulle gegee word.

Daar word besluit dat Minister Schlebusch die af=spraak wat hy op 21 Februarie met die hoofde van die pers het, sal vervroeg en dat hy en die Minister van Polisie hul gesamentlik sal ontvang en 'n finale waarskuwing sal gee om verantwoordelik op te tree. Anders sal wetgewing ingedien moet word om die pers aan bande te lê en verslaggewing van besonderhede van terroriste-aanvalle te belet. MINISTER SCHLEBUSCH MINISTER LE GRANGE

5. AGENDA-ITEM 3: BORGSKAPPE VIR SPORT EN SACOS SE ROL

Op navraag van die Voorsitter dui Minister Janson aan dat hy volkome saamstem met die aanbeveling wat in bylaag 1(b) van die agenda vervat is (dat 'n Parlementêre Kommissie van Ondersoek aangestel word om SACOS se bedrywighede te ondersoek en dat die nodige sielkundige aksie-optrede daarmee saam geloods word).

Die saak word bespreek. Minister Janson gee aan die hand dat die instansies wat SACOS ondersteun

OPTREDE DEUR

en die Regering goedgesind is, soos Rembrandt, omsigtig genader moet word met die versoek om die steun te staak. Minister Janson deel ook mee dat die Franse en Britse sportsendings wat onlangs die Republiek besoek het, oor SACOS se negatiewe afdreigende rol sal rapporteer. Dit gaan egter nie net oor sport nie. Die boikot van ons vliegtuie word nou beoog. Minister Janson is van mening dat dit beter is as mense soos dr Ali Bacher SACOS se ware kleure aan die lig bring as dat die Regering moet intree. Met die oog ook op die negatiewe verslae oor SACOS wat van die Franse en Britse feitesendings verwag word, moet die ondersoek miskien eers agterweë gehou word. Die sielkundige veldtog moet egter intussen voortgaan. — MINISTER JANSON; DIE SEKRETARIS

Minister R F Botha vra of daar nie gedink moet word aan die aanwending van dwang nie. Kan finansiële steun aan sulke organisasies nie belet word nie? Moet wetgewing nie voorberei word nie?

Minister Schlebusch versoek dat sy Departement 'n kans gegee word om 'n aanbeveling in die verband te maak. — MINISTER SCHLEBUSCH

Minister Heunis wys daarop dat ons wette het om organisasies verbode te verklaar, maar organisasies wat verbied word, word eenvoudig deur ander vervang. Hy is van mening dat ons dade wat skadelik is, moet identifiseer. Regter Rabie se kommissie moet nie organisasies verbied nie. Hulle moet liewer sekere dade verbied. Dan mag mense soos dr Rupert nie geld daarvoor gee nie.

Die Voorsitter meld dat hy met mnr Van Wyk 'n gesprek gehad het oor die invloei van geld uit die buiteland vir hierdie organisasies. Ons weet dat ons vyande besig is om hierdie land op sy knieë te probeer bring. Geld kom van buite in en ons laat dit toe.

Ministers Schlebusch en S P Botha wys op die Amerikaanse Ambassade se betrokkenheid by ondermynende bedrywighede.

Die Voorsitter versoek dat die kwessie van geld wat die land vir ondermynende organisasies inkom, op 'n volgende vergadering se agenda geplaas word sodat die nodige stappe nog tydens hierdie Parlementsitting geneem kan word. Geld wat nie gestop kan word nie, moet gekonfiskeer kan word as dit onregmatig aangewend word. Die Rabie-kommissie moet gevra word om die deel van sy verslag wat hieroor gaan, uit te lig en te bespoedig. — MINISTER SCHLEBUSCH; MINISTER JANSON; DIE SEKRETARIS

OPTREDE DEUR

6. AGENDA-ITEM 4: SWA-BESOEK

Die Voorsitter meld dat hy die vorige week in Suidwes-Afrika was en 'n gesprek in Caprivi gevoer het. Minister R F Botha, die Sekretaris en enkele Weermagsoffisiere was by. 'n Stuk word opgestel en sal by die volgende vergadering voorgelê word. DIE SEKRETARIS

Die Voorsitter deel voorts mee dat die posisie in Suidwes-Afrika binnelands baie interessant is, ver= al betreffende AKTUR. Ook sê hy dat, met enkele uitsonderings, die Administrateur-generaal die mas daar met 'n "derde span" moet opkom. Dit is 'n bo= menslike taak.

Minister Schlebusch onderneem om die kwessie van die "derde span" met die Staatsdienskommissie op te neem.

Die Voorsitter sê dat as die Administrateur-generaal hulp nodig het, alles ingegooi moet word om hom te help. Hy deel ook mee dat die Administrateur-gene= raal tevrede is met mnr J W A van der Merwe, Provin= siale Sekretaris van Natal wat in Windhoek aangestel is om hom as projekleier by te staan.

Minister R F Botha sê dat die probleem in die noorde lê waar die amptenare blykbaar nie oor die nodige oor= deelsvermoë beskik om planne ten uitvoer te bring nie. MINISTER SCHLEBUSCH

7. AGENDA-ITEM 6: TOESTAND IN RHODESIë

Die Voorsitter verwys na die verklaring wat oor die naweek uitgereik is dat die Suid-Afrikaanse troepe wat Beitbrug aan die Rhodesiese kant bewaak, onttrek sal word, en deel mee dat dit op Eerste Minister-vlak deur Brittanje en Suid-Afrika goedgekeur is. Dit behoort sake by die eersdaagse VN-Veiligheidsraad= debat vir ons te vergemaklik. Verder deel die Voor= sitter mee dat dit uit die gesprek wat hy Saterdag met Sir Anthony Duff, Adjunk-goewerneur van Rhode= sië, en die Britse Ambassadeur gehad het, duidelik geblyk het dat die Britse regering absoluut van Suid-Afrika afhanklik is vir wat vorentoe in Rhode= sië gebeur. Hulle erken dat as Suid-Afrika geheel-en-al sou terugtrek, dit 'n "total disaster" in Rho= desië sou afgee. Die Voorsitter sê dat Suid-Afrika bereid is om al ons troepe terug te trek, nie net die by die brug nie, maar dan kom al ons toerusting ook terug. Die Britte weet dit. En nou kom hulle met 'n versoek vir nog toerusting : 12 Dakota-vliegtuie, 160 mynbestande voertuie en 5 helikopters, en dit terwyl hulle 'n wapenverbod teen ons handhaaf! Hulle vra dat toerusting wat ons vanweë die wapenverbond ten duurste bekom het, na 'n Britse kolonie gestuur moet word. Dit is 'n absurditeit. Sir Anthony Duff aan= vaar dat ons sekere dinge in Rhodesië beplan en be=

OPTREDE DEUR

sef dat die Russe ook beplan - 'n tweede Afganistan? Die Voorsitter het die Britte gewaarsku dat hulle skielik een oggend kan vind dat daar 'n ander regering aan bewind is. Hy het hulle gevra om gebeurlikheidsbeplanning te doen en terug te kom en te sê wat hulle dink. Generaals Malan en Walls sal verdere samesprekings voer. Ons het ons nie gekompromiteer nie, maar die Britte laat verstaan dat ons van mening is dat die tyd uitloop.

Volgens 'n rapport wat die Voorsitter gekry het, blyk dit dat dit onwys sou wees om Josua Nkomo te gebruik. Robert Mugabe is minder in die kommuniste se hande as Nkomo. Die Britte is van mening dat daar met Nkomo gewerk moet word as biskop Muzorewa nie die mas opkom nie. Volgens die rapport wat hy gekry het, sou Mugabe egter beter wees. Die Voorsitter sê dat die Inligtingsgemeenskap hierna moet kyk. — Foolish — DIE SEKRETAR[IS]

Die Voorsitter sê dat 'n verdere stap noodsaaklik is en dit is dat mnre Ian Smith en David Smith, onderskeidelik leier en voorsitter van die Blankes se party, genooi moet word om voor die verkiesing met die Staatsveiligheidsraad te kom praat. Ons moet weet waarheen hulle wil gaan. Minister R F Botha sal die leiding neem en die byeenkoms word tentatief gereël vir Woensdag-aand 30 Januarie 1980, om 20h00 in die Kabinetskamer. — MINISTER R F BOTHA

Minister Horwood verwys na die baie groot bedrag geld wat Rhodesië ons verskuldig is en sê dat die Britte moet besef dat hulle verantwoordelikheid daarvoor het.

Dr Fourie deel mee dat die saak met die Britte opgeneem is onder die veronderstelling dat, met die terugname van Rhodesië, die Britte volle verantwoordelikheid vir die finansiële verpligtinge, dit wil sê die bates en die laste, aanvaar het.

Minister Heunis wys daarop dat die beste tyd om druk op die Britte uit te oefen, nóu is aangesien hulle hulle ná die verkiesing gaan onttrek.

Minister R F Botha gee die versekering dat hy voluit gaan om terugbetaling te bewerkstellig. — MINISTER R F BOTHA

Genl Malan meld dat hy genl Walls Woensdagmiddag in Pretoria sien, maar dat hy die ontmoeting miskien na Dinsdag kan vervroeg.

Minister Le Grange verwys na die Staatsveiligheidsraad se goedkeuring dat 37 lede van die S A Polisie in Rhodesië help, en deel mee dat 'n verdere versoek vir nog 17 man om met instruksie en opleiding te help, gekom het, sowel as vir nog drie niesmasjiene (hulle het reeds twee).

OPTREDE DEUR

Die Staatsveiligheidsraad keur in beginsel goed op voorwaarde dat die versoek van die Britte kom. Lord Carrington móet opdrag gee en die versoek moet deur die Britse Ambassadeur kom.

MINISTER LE GRANGE

Minister R F Botha deel mee dat hy 'n brief van bis= kop Muzorewa ontvang het waaruit dit blyk dat hy nog net so hoopvol is as wat hy in Desember hier was. Hy vra 1,5 miljoen dollars om vervoermiddele mee te koop. Minister Botha deel voorts mee dat hy vasgestel het dat beide Joshua Nkomo en Robert Mugabe geen organisasies in Rhodesië het om die verkiesing mee te voer nie. Biskop Muzorewa het derhalwe organisatories 'n voorsprong. Verder deel die Minister mee dat hy verneem dat minstens die helfte van die mense wat al die groot saamtrekke bywoon, dieselfde is. Niemand kan derhalwe daarvan afleidings maak nie. Die euphoria van die terugkerende "helde" is nou verby. Die ver= wagting is dat die werkers op die boereplase agter die biskop sal staan en dat die 70 voormalige Mugabe-ondersteuners wat in Mosambiek vrygelaat is en na Rhodesië terugkeer, vir Mugabe sal opdraend gee. Dit moet ook onthou word dat Nkomo se steun net van die Matabeles kom. Nie een Swart party gaan 'n volstrekte meerderheid kry nie. Dit sal dus van die Blankes afhang wie regeer. Rhodesië skuld ons R400 miljoen. Dit is wat ons gegee het om Rhodeisë drywend te hou. Hy sou nie graag wou sien dat R1,5 miljoen in die pad staan van 'n oorwinning vir die biskop nie. Die Minis= ter sê dat hy mense na Rhodesië gestuur het en dat daar kontrole oor die geld is. Hy meld ook dat hy nog ander gematigde partye moet help.

Minister Heunis vra dat die karre wat gekoop moet word, van Suid-Afrikaanse vervaardigers moet wees, of tweede-handse karre want hulle word net vir 'n paar maande be= nodig. Miskien kan van die karre wat sy Departement moet afskryf, gebruik word.

Die Voorsitter versoek dat die betrokke Ministers by= mekaar kom om die besonderhede uit te werk. Die Staats= veiligheidsraad kan nie verder as beginselbesluite gaan nie. Biskop Muzorewa moet gehelp word om die verkie= sing te wen en as dit nodig is, moet ons die R1,5 mil= joen gee.

MINISTER HORWOOD
MINISTER HEUNIS
MINISTER R F BOTHA

Die Sekretaris wys daarop dat dit nodig is om gesament= like optrede te beplan vir die situasie wat sou ont= staan as dinge in Rhodesië verkeerd loop. Sielkundige aksie is ook nodig om binne die RSA ons mense van die probleme te verwittig.

Die Voorsitter vestig die aandag op 'n artikel van John D'Oliveira wat onlangs in die "Sunday Tribune" verskyn het en wat dui op die Russiese vasberadenheid om Suid-Afrika ter wille van ons minerale in te neem.

OPTREDE DEUR

Minister R F Botha beaam die artikel en sê dat die Suid-Afrikaanse publiek dit nie wil glo nie en in 'n droomwêreld leef. Hulle moet wakker gemaak word. Ook die Britte moet attent gemaak word op die gevaar wat Suid-Afrika bedreig, so ook NAVO of NAVO-lande wat vir ons voorspraak kan doen. Ons diplomatieke offensief teenoor die Franse, wat begrip het vir Afrika, moet verskerp word. Die Arabiere is nie van plan om Suider-Afrika af te skryf nie. 'n Hoë Egip=tenaar wil ons byvoorbeeld kom besoek.

Die Voorsitter versoek die Minister om in verband met Egipe met mnr Van Wyk te praat. — MINISTER R F BOTHA

Die Sekretaris verneem of daar nou voluit gegaan kan word om die "gasheerlande" by te kom.

Dr Fourie is van mening dat as dit 'n verandering van strategie beteken, dit eers deur die Werkkomitee oorweeg moet word. Wat Mosambiek betref, was daar onlangs onderhandelings en sekere dinge is aange=bied in ruil vir teenkanting van die ANC. Ons moet eers toets en sien wat gebeur.

Die Sekretaris sê dat dit nie noodwendig 'n verander=ing van strategie beteken nie, maar dat almal ge=koördineerd moet saamwerk om die doel te bereik.

Minister R F Botha sê dat Mosambiek eers 'n kans ge=gee moet word. As hy nie saamwerk nie, kan die spoorlyn gesluit word.

Die Voorsitter waarsku dat paniekmaatreëls nie getref moet word nie. Ons moet doelgerig optree en by alle Departemente inskerp dat ons in 'n oorlewingstryd ge=wikkel is.

Minister Van der Merwe maak melding van optredes ten opsigte van olievoorsiening aan buurlande wat in die Werkkomitee uitgeklaar is om as hefbome te gebruik.

Die Voorsitter sê dat baie besluite geneem word, maar hy weet nie of ons hulle deurgevoer kry nie.

Minister R F Botha deel mee dat toe hy met buitelandse minister Mulapo van Lesotho gepraat het, laasgenoemde geskrik het toe hy sê dat hy die grens sou sluit, die werkers sou terugstuur ensovoorts. Die vraag is egter of hy die dreigement sou kon uitvoer. Sou ons ons=self nie swaarder gestraf het as vir hulle nie? Dieselfde geld vir Mosambiek met betrekking tot die kragvoorsiening van Cabora Bassa.

Minister Heunis sê dat ons dreigemente moet maak, maar dat ons moet weet of ons die dreigemente kan uitvoer.

OPTREDE DEUR

Die Voorsitter meen dat die besluite wat die Raad ten opsigte van Rhodesië geneem het, prakties lyk en ons eerste prioriteit is. In die tweede plek het ons die ander buurlande. Ons moet weer na die strategieë kyk en 'n paar praktiese stappe uithaal en kyk wat uitgevoer kan word. Die Werkkomitee moet kyk wat prakties gedoen kan word.

DIE SEKRETAR

Genl Malan vra wat ons sal doen as Rhodesië verkeerd gaan. Rhodesië en Suidwes-Afrika is vir ons kernpunte. Die vraag is of ons 'n voorste verdedigingstrategie of 'n nabye strategie gaan toepas. Ons wil die RSA se nasionale veiligheid buite die RSA verseker. Ons wil hê dat Rhodesië pro-Suid-Afrika en anti-kommunisties moet wees. Die SA Weermag kan stappe neem om te verseker dat die eleksie nie verkeerd gaan nie. As ons kyk na die Rhodesiese front, die Mosambiekfront en die Angolafront, sien ons dat die krisis besig is om te kom. Die voorste verdedigingslyn moet buite die Republiek wees. Ons moet die tyd en die plek kan kies.

Die Voorsitter verseker genl Malan dat die vergadering nie fout sal vind met sy beredenering nie. As ons op die Limpopo en die Oranje veg, kan die vyand ons hartland aanval.

Genl Malan deel die Voorsitter mee dat daar, as gevolg van 'n toespraak van sy voorganger, strydpunte tussen Departemente bestaan oor hierdie saak. Vorster

Minister R F Botha betwyfel (doubts) dit of ons die vermoë het om die strategieë waaroor reeds besluit is, ten uitvoer te bring. Sy Departement het nie die geld nie. Hy weet nie of ander dit het nie.

Minister Heunis sê ons weet mos ons loop in 'n oorlog in en ons weet wat ons moet doen.

Die Voorsitter verseker die Raad dat solank hy Eerste Minister is hy nie Suid-Afrika se fisiese geveg op sy eie bodem gaan voer nie. Ons weet nou wat die Russiese bedoelings is en dat hulle die vermoë het om troepe vinnig na Suider-Afrika te bring. Ons weet ook dat die Weste aan die slaap is en dat president Carter net praat. Ons moet derhalwe -

(a) probeer om die pers te mobiliseer vir die stryd - anders lê ons hulle aan bande,

(b) met Parlementslede praat en

(c) met Departementshoofde praat oor ons totale nasionale strategie wat alle terreine insluit.

In die lig van die getuienis wat ons hier gehad het, sal die groots moontlike geldelike bedrae beskikbaar gestel moet word om die aanslag af te weer.

Minister Horwood sê dit is 'n groot saak. As die ekonomie nie bloei en 'n sekere groeikoers gehandhaaf kan word nie, sal dit 'n geweldige stryd en gesukkel wees. Hy sal daar baie aandag aan moet gee. Ons kan onmoontlik voortgaan om elke jaar rekordbedrae vir konsolidasie, vervoer ensovoort uit te gee. Dit werk inflasie in die hand. As ons eensklaps alles moet uitgee, is ons binne twee jaar weer in die grootste gemors soos in 1976 toe ons nie lenings kon kry nie en moes devalueer met 20%. Daar is 'n ou gesegde: "Cut your coat according to your cloth". Ons bou nou Sasol II en Sasol III. Dit is goed want dit is van kardinale belang. Maar dan is daar nie geld vir 50 ander dinge nie. 'n Sekere som geld word as die finale maksimum-bedrag bepaal en dit word dan, soos 'n koek, onder die Departemente verdeel. Gedurig kom daar briewe van Departemente wat meer vra. Hy doen alles in sy vermoë om die maksimum te gee, soos byvoorbeeld aan Verdediging, maar ons finansiële vermoë is nie onbeperk nie. As ons ons ekonomie wil doodmaak, moet ons 'n groeikoers van 1½% en 'n inflasiekoers van 20% hê. Israel wat in 'n soortgelyke posisie is, het 'n inflasiekoers van 110%. Maar Israel kry geweldige fondse van die buiteland, en ons nie.

Die Voorsitter sê dat hy waardering het vir die Minister van Finansies. Ons het wyd gesels. Ons is dit eens oor die dreigement. Die vraag ontstaan nou of ons ons veiligheidsmagte uit Rhodesië moet onttrek of nie. En uit Suidwes-Afrika. As ons uitloop uit Rhodesië, kom ons toerusting saam, ons helikopters, mynbestande voertuie ensovoorts. Ons moet egter nie Rhodesië alleen hanteer nie. Suidwes-Afrika hang daarmee saam. As Rhodesië verlore gaan, is Suidwes-Afrika ook verlore. Ons moet NAVO wakker maak en die wapenverbod verbreek probeer kry. Items van belang is byvoorbeeld op maritieme gebied, onderdele vir bomwerpers, Buccaneers ensovoort. Ons moet op praktiese maniere probeer deurdring tot die Britte en deur hulle tot NAVO. As ons dit nie regkry nie, weet ons ons is op ons eie. Dan sal ons ook weet wat om met ons ekonomie te doen.

Minister S P Botha ondersteun die gedagte dat ons moet gee wat nodig is om die eleksie in Rhodesië te wen. Verder wys hy daarop dat ons met 'n magtige instrument sit wat ons nie weet hoe om aan te wend nie. Dit is die skaars minerale, onder meer chroom, vanadium mangaan en platima, wat ons kan terughou terwyl ons goud en steenkool verkoop. Baie nywerheidslande het 'n oppottingsprogram gehad en voorrade opgebou. Maar die voorrade begin nou uitgeput raak. Besoekende Britte, Duitsers en Amerikaners sê nou dat as hul hierdie minerale moet ontbeer, staan Europa. Die vraag is of ons nie aggressief moet wees en die minerale moet speel soos in 'n kaartspel nie.

OPTREDE DEUR

Die Voorsitter vra dat die Werkkomitee moet kyk na die voorstel betreffende minerale. Hy kan aan twee of drie persone dink wat advies sal kan gee. DIE SEKRETARI

Minister R F Botha sê dat hy Minister Horwood se probleem insien en simpatie het daarvoor. As die koek se grootte beperk is, moet 'n keuse gemaak word tussen skole, kanonne en operahuise. Laasgenoemde is nie nodig in 'n oorlogstydse situasie nie.

Genl Malan sê dat alhoewel dit 'n kwessie van oorlewing is, dit nie net militêre oorlewing beteken nie. Alle Suid-Afrikaners se lewe moet verbeter word. Onderwys is nie afskryfbaar nie. Die oplossing lê by die Departemente en die verdeling wat gekoördineerd moet plaasvind. *Solution*

Minister Horwood wys daarop dat daar wel koördinering is op die hoogste vlak. Dit hou nooit op nie. Die probleem is die luuksheid waaraan ons mense gewoond geraak het. Hy verseker die vergadering dat ons universiteitsgeboue die beste in die wêreld is. Ook die mediese geboue in Johannesburg is die mees luuks in die wêreld. Hy het 'n bounormekomitee aangestel en daardeur R30 miljoen tot R40 miljoen gespaar. Hy kyk na al hierdie dinge, nie net in een sektor nie, en is besig om miljoene te spaar.

Die Voorsitter sê dat die hele staatsbestuur moet saamwerk om onnodige uitgawe te besnoei.

Minister Horwood deel mee dat die Browne-komitee se baie grondige werk byna afgehandel is.

Minister Heunis wys daarop dat die vermoë van die land se ekonomie afhang van die binnelandse sabiliteit. Die ekonomiese insinking in 1976/77 was die gevolg van die Soweto-onluste. Verder sê hy dat ons nie kan ophou om skole te bou vir Bruin mense, Swart mense en al die ander nie.

8. AGENDA-ITEM 5: LESOTHO : OPTREDE TEEN

Die Voorsitter vra dat hierdie item, met die oog op die vorige bespreking en die besluit wat geneem is om weer na die strategieë vir die buurstate te kyk, oorstaan.

9. AGENDA-ITEM 9: VREEMDE ARBEIDERS IN DIE RSA

Aangesien daar geen haas met hierdie item is nie, versoek die Voorsitter dat dit ook oorstaan.

10. AGENDA-ITEM 7: SWART VAKBONDE

Minister S P Botha verduidelik die probleem en implikasies wat in verband staan met die erkenning en registrasie van Swart vakbonde en die voordele wat kan spruit uit die beginsel van totale vryheid

OPTREDE DEUR

van assosiasie.

Die Voorsitter sê dat die Staatsveiligheidsraad daarvan kennis neem en dat dit na die Kabinet moet gaan. Parlementslede moet ingelig word en die Veiligheidsinstansies moet aanbevelings maak. Die hantering van die saak is baie belangrik.

Minister Koornhof steun die voorstel maar sal dit met sy Departement wil bespreek.

MINISTER S F BOTHA
MINISTER KOORNHOF
GENL GELDENHUYS
MNR VAN WYK

11. AGENDA-ITEM 8: VEROORDEELDE RSA-TERRORISTE IN RHODESIË : REPATRIASIE VAN

Minister Le Grange deel mee dat daar 15 Swart RSA-terroriste is wat lang vonnisse in Rhodesië uit=dien. Ons kan hulle ontvang om hul vonnisse hier uit te dien, of ons kan hulle onder 'n ander wet aanhou. Hul repatriasie is 'n tyd gelede oorweeg. Indien hul in Rhodesië vrygelaat word, kan ver=wag word dat hulle onmiddellik by die ANC sal aan=sluit. As omstandighede so ontwikkel, sal hy met=tertyd na die Staatsveiligheidsraad kom met 'n aan=beveling dat ons hierdie mense neem om hier hul vonnisse uit te dien. Nou het Amnesty Internasional egter tussenbeide getree, en Lord Soames moet be=sluit of hul nie vrygestel moet word nie.

Die Staatsveiligheidsraad neem kennis.

12. AGENDA-ITEM 10: HANDLEIDING TOT DIE NASIONALE VEILIGHEIDSBESTUURSTELSEL

Die Sekretaris deel mee dat die Handleiding tot die Nasionale Veiligheidsbestuurstelsel deur die Sek=retariaat herskryf is en tans gedruk word. Hy is van plan om dit as 'n voorlopige dokument aan alle belanghebbendes te versprei en te vra dat dit in=tussen toegepas word. Teen die einde van Maart sal hy vra vir kommentaar daarop.

Die Staatsveiligheidsraad neem kennis.

13. AGENDA-ITEM 11: TERMINOLOGIE : TOTALE STRATEGIE

Die Staatsveiligheidsraad aanvaar die aanbeveling van die Werkkomitee soos uiteengesit in bylaag 4 van die agenda. ALMAL

14. AGENDA-ITEM 12: ALGEMEEN

(a) STANDARD TELEPHONES AND CABLES

Minister Van der Merwe deel mee dat die firma Standard Telephones and Cables, wat baie vir ons doen, 'n kontrak met 'n Rho=desiese Departement het wat op 31 Januarie 1980 kortgesny staan te word as hulle nie langer krediet kan verskaf nie. Die ver=soek is nou dat ons vir drie jaar uit=